



## Gespreksvrae vir Kleingroepe (4 – 8 Junie 2018)

### **Verwelkom mekaar in 'n veilige spasie**

Neem 'n paar oomblikke. Vertel mekaar 'n paar snaakse ervarings of stories wat jy onlangs gehoor of beleef het. Neem genoeg tyd.

### **Die Here se storie met die wêreld**

Ons weet dat God besig is om te werk, ook hier in Suid-Afrika. Ons hoor gereeld stories wat hoop bring. Ons sien gelowiges van alle tale en agtergronde is besig om hulle plek in die samelewing in te neem. Tydens 'n onlangse munisipale vergadering is daar vir 40 minute gebid teen korrupsie en onetiese leierskap. As kerk is dit ons roeping om ons oë oop te maak. Watter ander stories en/of gebeurtenisse bring hoop in SA?

### **Lof en aanbidding**

Deel julle lief en leed. Bid vir mekaar. Sing tot eer van God. Alternatiewelik: deel met mekaar jou ervaring van Sondag se erediens. Is daar 'n sin, vers of gedagte wat jou nuut laat dink het?

### **Skriflesing Openbaring 5 vers 11 tot 14**

**Tema** Geloofsfamilies wat leer luister, word deel van God se storie

**Erediens** Sondag 3 Junie 2018 [Kerngedagtes van die samekoms](#)

### **Gespreksvrae**

1. Watter stories is vir jou vertel as kind? Wie was hierdie storievertellers? Deel met mekaar 'n paar ervarings.
2. Stories bring ons verbeelding in beweging. In 'n onlangse studie is bevind dat mense wat die vermoë het om na mense se stories te luister meer gesonde verhoudings kan bou. Ons maak dus die afleiding dat "om te luister" verband hou met gesonde verhoudings. Hoekom verloor ons om goeie stories te vertel en na mekaar te luister?
3. Wêreldwyd sien ons 'n afname in die in mense se vermoë om na mekaar te luister. Ons "hoor" mekaar maar ons "luister" nie noodwendig nie. Om te luister beteken dus om dieper te verstaan as slegs die woorde wat iemand gebruik. Om te luister is om sels bewus te word van die "dinge" wat iemand nie noodwendig sê nie. Ons het Sondag vir mekaar gesê dat "Om te luister is om jou onverdeelde fokus op iemand te plaas". Watter dinge staan in die pad van gesinne en vriende om mekaar waarlik te hoor?
4. Ons luister al minder na mekaar. Die gevaar is dat sommige gelowiges ook sukkel om te luister in hulle verhouding met God. Gebede word lang monoloë sonder enige elemente van luister. 'n Goeie vriend, *Vader Vr Dr R Davids van die Anglikaanse Gemeente* in Kaapstad vertel van 'n pragtige gebruik tydens hulle jaarlikse *Week van Gebed*. Gemeentelede word genooi om die eerste 4 aande van die week in stilte saam te kom sit en luister na wat God vir hulle wil oopbreek. Notas word geneem van tekste en gebedstemas wat God aan hulle openbaar. In reaksie hierop word daar tydens die laaste aand se samekoms dankie gesê vir alles wat God vir hulle as gemeente kom oopbreek het. Slegs dan word daar gebid volgens dit wat hulle "gehoor" het. Gesels bietjie hieroor.

5. Jesus is vandag steeds besig met die skryf van 'n liefdesverhaal. Ons is deel van hierdie verhaal. Die vraag is of ons genoeg "luister" om te verstaan hoe ons deel vorm van hierdie Koninkryk wat God aan die bou is. Die een groot teken wat Jesus vir ons openbaar as bewys van Sy liefde is die nagmaal. Die tekens van brood en wyn simboliseer Jesus se liefde. Jy verdien hoegenaamd niks, maar tog het Jesus vir jou alles gegee. Sy uitnodiging is oop vir almal om hulle plek in die verhaal in te neem. Dit is nou verseker. Jy is deel van God se storie in Kraggakamma Gemeente. Hoe kan ons as geloofs familie verseker dat elkeen in Kraggakamma Gemeente hulle plek inneem?

**Uitsending na jou plek van roeping**

Neem 'n paar oomblikke. Herinner mekaar aan julle as selgroep se roeping. Herinner mekaar aan die feit dat daar altyd moet plek wees aan julle "tafel".